Beginsels met Dissipline vir ouers - Eugene Laäs

Dissipline het ten doel om elke kind se veiligheid, reg tot onderwys en menswaardigheid te beskerm. Elke kind het die reg tot fisiese, emosionele, sosiale en intellektuele veiligheid. Dit beteken om groot te word waar daar onderlinge respek en omgee vir mekaar is. Volwassenes sal ook besef dat kinders nog kinders is en nog baie oordeelsfoute maak. Kinders leer nog hoe om op ‘n aanvaarbare wyse op te tree. Hulle het volwassenes se hulp, insette maar veral voorbeeld nodig om aanvaarbare gedrag aan te leer. Kinders met gedragsprobleme is gewoonlik ‘n noodkreet vir hulp.

Tye en omstandighede het verander en gesag word nie sonder meer aanvaar nie. In ‘n demokratiese omgewing word kritiese denke aangemoedig en verantwoordbare optrede van alle partye verwag.. Gesagsfigure het nie meer net gesag vanweë ‘n ‘posisie’ nie, maar gesag moet ook verdien word. Die kern woord hier is ‘respek’, om respek te kan verdien moet die gesagsdraer toon dat hy of sy respek waardig is. Die gesagsdraer moet ‘n voorbeeld wees van respek, in die manier hoe gepraat en opgetree word. Die opvoeder wat skreeu, aggressief is en swak taal gebruik moenie outomaties respek verwag nie.

Dit beteken nie dat die gesagsdraer nooit mag wys dat daar ontsteltenis is nie. Dit is inteendeel belangrik om vir kinders te laat verstaan wat die impak van hulle gedrag op ander mense is. Verkeerde gedrag moet konsekwent afgewys en reggestel word, maar die kind as persoon word nie afgewys nie. Woorde moet versigtig gekies word. Om aggressief te wees, te domineer, sleg te sê, sarkasties te wees is om vuur met vuur te beantwoord. Om die negatiewe te verwag is om te kry wat verdien word, naamlik weerbarstigheid en ongehoorsaamheid. Die gesagsdraer moet in beheer bly van eie emosies en sake kalm, billik, beslis en regverdig hanteer. Waak teen vinnige beoordelings, skuldigverklarings en verdoemende uitsprake. Om te skreeu en te raas, baasspelerig te wees verloor die respek van toehoorders en het weinig waarde om te beinvloed en gedrag te verander. Wat wel bereik kan word deur dreigemente is **vrees**, maar beslis nie respek en lojaliteit nie.

Soos kinders leer en groter word, leer hulle **gewoonte vormende gedrag aan. Daarom is ‘n routine baie belangrik.** Dikwels ondermyn ons as volwassenes dissipline deur kinders te verwar en inkonsekwent op te tree. Kinders het eenvormige en konsekwente optrede nodig om die regte gewoontes aan te leer. Vaste patrone is ‘n vereiste by skole en huise om dissipline te bevorder. Sake soos vaste tye vir etes, speel, leer, slaap, familie tyd is belangrik. Kinders hou van reëls en roetine, dit gee sekerheid en veiligheid. Hulle sal egter altyd die reëls toets, om te sien of die volwassenes ernstig is daaroor. Wanneer reëls bepaal konsekwent uitgevoer en gevestig is, dan kom kinders in die gewoonte om reëls te gehoorsaam. Wanneer reëls nie duidelik gevestig is nie of nie konsekwent toegepas word nie, is onsekerheid, argumente en ‘n getwis die gewoonte.

Probleem gedrag word dus benader sonder om die oortreder of die slagoffer se selfbeeld en selfwaarde aan te tas. Hiervoor werk die herstellende geregtigheid benadering baie goed. Met ander woorde die kind kry nie emosioneel skade deur die wyse hoe tereggewys en gestraf word nie. Dissipline gaan nie net oor wat gebeur het nie, maar veral oor wat gedink en gevoel word, dit is wat ‘binne’ plaasvind. Daarom sal daar nie summier straf uitgedeel word nie, maar die vrae sal insluit: Wat het gebeur? Wat het jy gedink toe dit gebeur het? Hoe het jy gevoel toe dit gebeur het? Hoe dink jy nou daaroor? Hoe voel jy nou daaroor? Wie was benadeel deur die optrede? Hoe gaan jy dit regstel? Nou leer die kind om daaroor na te dink en kry geleentheid om sy of haar kant van die saak te stel en kry geleentheid om sake reg te stel.

Straf moet in ooreenstemming met die oortreding wees. Ouers behoort baie versigtig te wees om fisies te raak wanneer die emosies hoog loop, dit kan emosionele letsels agterlaat en daartoe lei tot dat kinders ‘n wrok dra. Ons behoort in ‘n geweldadige land versigtig wees om nie vir ons kinders te leer dat ‘geweld’ die oplossing vir probleme is nie.

Dit is belangrik om te bepaal wat en waar die oorsaak van gedragsprobleme is. Die oorsaak hou verband met behoeftes wat nie bevredig word nie en die oorsprong kan by die huis, die skool of in die gemeenskap wees (Bylaag – Kinders se behoeftes). Leerders se behoeftes is rondom die dimensies van menswees naamlik: intellektueel, emosioneel, fisies, geestelik en sosiaal. Die belangrikste behoefte is om menswaardig behandel te word. Dit is met respek en deurnis sodat die kind veilig en gewaardeerd voel. Die belangrikste wat ‘n ouer kan doen is om hulle kinders gereeld te laat hoor en voel dat hulle lief vir hulle is, dat hulle in hulle glo en dat hulle altyd daar sal wees om hulle by te staan. Dit gee vir kinders emosionele stabiliteit en sekerheid. Hulle voel veilig, verhoog hulle eie waarde en selfbeeld vanwaar hulle kan uitgaan om die wêreld te ontmoet, ontdek en te leer wat ‘n heerlike avontuur behoort te wees.

Wanneer kinders se behoeftes nie bevredig word nie kom dit tot uiting op een van twee wyses, ekstern of intern. Die kind wat dit uiterlik wys is die veeleisende kind wat aggressief en moeilik hanteerbaar voorkom. Die interne wyse is die skaam, teruggetrokke, bang en passiewe kind. Wanneer hierdie gedrag waargeneem word dan weet ouers dit is tyd vir eerlike selfondersoek en aanpassings.

Probleme tuis

Kinders wat gereeld oortree kom dikwels uit huise waar daar nie konsekwente en liefdevolle dissipline gevestig is nie. Families moet ook kennis neem wat die rol en waarde van respek en familie ‘sirkeltyd’ kan wees. Hierdie stappe verg baie moed, deursetting, tyd en mannekrag maar is die moeite werd indien ons ernstig is oor dissipline en die opvoeding van ons kinders tot gebalanseerde volwassenes.

Probleme wat kinders tuis ervaar het ‘n invloed op hoe hulle voel, dink en optree by die huis en skool. Probleme tuis sluit kwessies in soos swak verhoudings, lae selfbeeld van ouers, verlies aan ‘n ouer, misbruik van drank / dwelms, afwesigheid van ouers, lae morele standaarde, aggressie, konflik en geweld. Ouers met ‘n lae selfbeeld verwag dikwels dat die kinders daarvoor

moet kompenseer. Hierdie probleme laat kinders onseker en onveilig voel wat manifesteer in onaanvaarbare gedrag.

Kinder wat grootgeword het met warmte, goedkeuring, onvoorwaardelike aanvaarding, respek, ondersteuning en humor is bemagtig met ‘n goeie selfbeeld en kan hulle self handhaaf. Sulke kinders vertoon emosionele bevoegdheid en openbaar gewoonlik min gedragsprobleme.

Probleme by die skool

Baie belangrik is hoe die skoolomgewing die kinders ‘sien’. As kinders gesien word as ‘sleg’, ‘dom’, ‘agterbaks’, ‘boos’ met ander woorde ‘n negatiewe etiket, kan orde en harmonie nie verkry word nie. Waar die kind gesien word as uniek en van ontsaglike waarde, dan is daar ‘n soliede basis vir effektiewe dissipline. Dissipline is deel van goeie verhoudings. Kinders het ‘n diep behoefte aan onvoorwaardelike aanvaarding en bevestiging van potensiaal. Wanneer hierdie behoefte in gedagte gehou word in die hantering van kinders is die fondamente gelê vir ‘n goeie dissipline stelsel. Dit is wat ons by Laerskool Baanbreker bevorder.

Skole het verskillende **gedragskodes en dissipline stelsel** wat meestal goed deurdink en prakties vir die plaaslike omstandighede is. Die skool se gedragskode moet konsekwent toegepas word deur alle personeel sodat die leerders weet wat van hulle verwag word en wat die konsekwensies gaan wees as hulle oortree. Die ouers se samewerking hiermee is uiters belangrik om die dissipline by die skool effektief te laat werk in die beste belang van almal.

In ‘n **omgee skoolgemeenskap** sal daar ook strukture in plek wees om kinders by te staan en te help indien hulle probleme ervaar. Leerlinge moet weet daar is iemand by die skool met wie hulle kan praat as hulle ‘n probleem het. By Laerskool Baanbreker is so ‘n struktuur en die kinders weet hulle kan met hulle voogonderwyser of die Ondersteuningsdiens-Bestuurder praat as iets hulle pla.

Foute wat volwassenes maak is om te streng te wees, te veel eise te stel of andersins te min - ‘n ‘laat maar gaan houding’ is ewe skadelik en beide lei tot dissipline probleme. Kinders wil weet wat van hulle verwag word, waar die ‘grense’ is in ‘n simpatieke, billike en regverdige omgewing.

Baie belangrik vir ouers is om hartlik saam te werk met die skool in belang van u kind. Onderwysers probeer die beste vir elke kind doen en al lyk dit nie altyd vir ouers so nie, is dit die intensie. Gewoonlik kan probleme uitgesorteer word as ouers en onderwysers mekaar respekteer en sake rustig en kalm bespreek. Wanneer die emosies hoog loop is dit nie die regte tyd om te praat nie want dan is almal te subjektief betrokke en kan ons nie sake objektief ontleed en by die beste moontlike oplossing uitkom nie. As die een party sien die ander een is ontsteld is dit beter om geleentheid te gee vir ‘aflaai’ voordat gedink word aan die oplossing.

Ander probleme

Die kwessie van **boellies** het ‘n groot invloed op leerders by skole. Boellies laat ander leerders onveilig, geintimideerd en onseker voel. Dit kan traumaties wees vir leerders en bydra tot swak skoolprestasies. Boelies kan slagoffers se selfbeeld skade doen. Slagoffers voel fisies, sosiaal, intellektueel en emosioneel bedreig. ‘n Boelie moet dadelik aangemeld word totdat die saak aandag kry. Indien die voogonderwyser nie tyd het nie, kan kinders die Ondersteuningsdiens-Bestuurder sien. Boelies boelie omdat hulle gewoonlik self geboelie word en wil sien dat ander ook ‘seer’ kry soos hulle ‘seer’ kry.

Maats het ‘n baie groot invloed op ons kinders. Hulle kompeteer en beinvloed mekaar. Kinders gee maklik in om nie ‘uit’ te voel nie, veral die kinders wat emosioneel onseker voel en ‘n lae selfbeeld het. Waar dit ‘moeilik’ gaan by die huis soek hulle elders liefde en aanvaarding. Kinders wil voel hulle ‘behoort’ iewers en dit kan by die verkeerde groep wees. Kinders is baie afhanklik van aandag en om nie alleen te voel nie. Hulle sal daardie behoefte bevredig al beteken dit hulle moet ‘stout’ wees.

Kinders kan **leergestremdhede** ervaar soos ‘aandag afleibaarheid’ (ADHD), autisme (sosiale probleme), aspergers (obsessiewe belangstellings), disleksie (leesprobleme), dyspraxia (motories – beweging, balans), tourette-sindroom (aanhoudende bewegings), fobies (vrees) en angs wat ‘n invloed het op leerders se vermoë om te kan luister, praat, lees, skryf, spel, redeneer en wiskunde doen. Leerders wat hiermee sukkel raak agter, ontwikkel ‘n swak selfbeeld en raak makliker betrokke by ongewenste gedrag. Indien u vermoed daar is ‘n probleem, soek hulp deur te begin by die skool.

Toepassing van dissipline

Die toepassing van dissipline moet die regte van alle rolspelers beskerm. Dit is belangrik dat oortreders sal verstaan waarom opgetree moet word. Die herstel van skade en die toepaslike gevolge is nie om die kind te verneder nie maar om die kind te leer, te bemagtig en om te verstaan wat is nodig vir ‘n veilige, ordelike omgewing sodat almal in harmonie kan saamleef. Die veiligheid van kinders en die voorkoming van probleme is belangrik, daarom is dit belangrik dat ouers weet waar hulle kinders is en of daar behoorlike toesig is.

Om wangedrag aan te spreek moet die rolspelers bemagtig word om probleme te kan hanteer. Hierdie bemagtiging sluit aan by emosionele geletterdheid want emosioneel geletterde mense beskik oor die innerlike motivering en wil om te verander en sake reg te stel. Hiervoor is nodig dat betrokkenes die volgende bevorder:

- ‘n sterk eiewaarde
- Sosiale en emosionele bevoegdheid
- Selfgelding
- Openheid om kritiek te kan hanteer
- Bereidwilligheid om foute te erken en die wil om te verander
- Verantwoordelikheid vir self en ander te aanvaar

Wanneer ouers en kinders ‘n sterk bewussyn het van hulle positiewe eiewaarde as mense, word kwaliteite soos uniekheid, selfversekerdheid en respek oorgedra na die kinders. Sulke ouers kan beslis wees en beheer

uitoefen want hulle is selfversekerd. Ouers met ‘n lae selfbeeld voel vinnig geintimideerd en is bang vir kritiek en mislukking. Sulke ouers is of aggressief of passief en doen niks om probleme te hanteer nie.

Basiese beginsels vir effektiewe dissipline

Na aanleiding van bogenoemde kan ons aflei dat die volgende beginsels van belang is met die handhawing van dissipline:

- Gee aandag aan die emosies en denke deur gereeld ‘familieveragderings’ te hou of ‘sirkeltyd’ waar almal ‘n kans kry om te sê hoe dit met hulle gaan en wat hulle dink en voel.
- Gee geleenthede vir almal om te ontlaai en hulle sê te sê.
- Werk aan die verbetering van interpersoonlike verhoudings.
- Wees ‘n voorbeeld van wat verwag word van kinders.
- Gee erkenning en aanmoediging waar nodig.
- Moenie beledig of afkraak nie, vermy sarkasme.
- Gee om vir mekaar.
- Wees billik en regverdig, hanteer almal dieselfde.
- Wees te alle tye respekvol.
- Kommunikeer duidelik en effektief en luister na alle kante van ‘n saak
- Gee aandag aan die kinders se behoeftes.
- Wees realisties wanneer akademiese, sport en kultuureise gestel word.
- Stel ‘n ondersteuningstruktuur in plek.
- Wees konsekwent in die uitoefening van huisreëls.
- Woon oueraande by en skakel met die skool indien daar ‘n bekommernis is.
- Neem kennis van artikels oor ouerskap en lees gereeld daaroor.